NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

www.ptawoodworkers.com

February 2016 **Februarie 2016**

This Month's News

- The Chairman's bit 1
- How to save your eyes, fingers as well as other body parts: meeting of 24February 2
- On finials and turning conferences: 3 Turners' meeting; 27 February
- The Versatile Spindle: Cabinet Makers' meeting; 13 February 5
- Mentorship on sharpening . 8

FROM THE CHAIR

Last month I stated the litmus test was still lying ahead!

This, of course, was with regards to getting a number of new ideas and initiatives accepted and approved by the Management Committee (MC) at our first meeting on 15 February. As mentioned before, I really want to preserve all that is good and valuable to our Association, but I do not want to continue with boring stuff or activities that might have a negative impact. There was going to be some rocking of the proverbial boat!

Tydens die eerste Bestuursvergadering is die formaliteite t.o.v. aanstellings afgehandel. Dries du Toit is herkies as Ondervoorsitter. Hy het aangekondig dat dit sy laaste termyn sal wees, aangesien hy nou reeds baie jare ononderbroke 'n dienende komiteelid is. Dirk Wolmarans is aangestel as Sekretaris, terwyl Neil MacKinnon heraangestel is as Tesourier. Saam met my vorm ons die dagbestuur of Exco.

Ek het tydens hierdie geleentheid my visie met die BK gedeel. Om dit te verwesenlik is dit nodig dat elke lid sy rol goed verstaan en uitvoer. Afgesien van indiwiduele rolle is dit noodsaaklik dat 'n aantal funksionele subkomitees geskep word. Volgens my ervaring is sulke komitees meer doeltreffend as indiwiduele pogings. Ek weet uit ondervinding dat wanneer 'n indiwidu die alleen-verantwoordelikheid vir 'n groot en uitdagende

funksie het, dit maar 'n baie eensame en dikwels ondraaglike plek kan word – veral wanneer dit boonop 'n vrywillige bydrae is! Derhalwe maak dit baie meer sin om komiteelede saam te groepeer in 'n aantal sinvolle portefeuljekomitees.

Some subcommittees have been in existence for some time, e.g. Finances (chairman, vice-chairman and treasurer), and the Organising Sub-committee responsible for arranging the annual Exhibition. There are, of course, also the Steering Groups respectively for the Turners and Cabinet-makers, but these are not convened by the Management Committee.

Nuwe subkomitees wat sinvol sal wees sluit in: 'n Media/Inligting-subkomitee wat verantwoordelik is vir tegniese inligting, biblioteekdienste, publikasies en ook vir ondersteuning aan die Webmeester en die Redakteur van Tambotie. 'n Subkomitee met verantwoordelikheid vir reklame, advertensies en promosie, skakelwerk en ander goed-gefokusde bemarkingsaksies behoort ook 'n waardevolle bydrae te maak tot die groei en vooruitgang van die Vereniging se belange.

As daar een faset van ons vereniging is waaraan daar baie meer aandag geskenk kan word, is dit spesifiek om die interaksie tussen lede, en elkeen se indiwiduele belewenis van die waarde van ons vereniging te bevorder – tydens ons byeenkomste, maar VERAL op 'n dag-tot-dag basis tussenin. Voorbeelde hiervan is om groepies of indiwiduele lede te help met opleiding, tegniese vaardigheids-ondersteuning en mentorskap programme. Daar is 'n besliste behoefde vir die beskikbaar maak van gewillige **lede se werkswinkels aan lede wie se eie plekke nog ontoereikend is. Die sogenaamde "workshop crawls" is beslis ook iets wat weer aandag gaan kry, en met goeie beplanning kan hierdie aangename aktiwiteit weer vlamvat.**

Iets wat my nogal opval is hoe swak ons mekaar regtig ken – in baie gevalle ken ons nie eens mekaar se name nie. Dit skep beslis 'n onvrymoedigheid. Ek hoop dat ek lede se ondersteuning sal geniet met die projek om elke lid se foto saam met 'n penskets, of kort persoonlike profiel te publiseer. Die idee is dat daar ook 'n klein foto'tjie teenoor elkeen se naam sal verskyn op die bywoningslys wat tydens vergaderings gesirkuleer word. Indiwiduele lede het die prerogatief oor wat in sy/haar penskets of persoonlike profiel sal verskyn of weggelaat gaan word. Privaatheid word beskerm omdat hierdie inligting slegs aan medelede beskikbaar gestel sal word.

Since my last report in Tambotie I have had my first opportunity to chair the monthly meeting. I am not about to report on the meeting itself, as I am sure that our Editor and contributors will be taking care of this. However, you already know that it had been jeopardised by the student uprisings at the UP campus and subsequent closure. We were desperately trying to find an alternative venue, and a day before it looked like we would be forced to postpone the meeting. It is with real gratitude and a great sense of relief that I want to thank Louw Trichardt for facilitating, and in particular Caren van Eeden, his daughter, who came to our rescue by making available the facilities at the legal firm Adams & Adams. It was quite an exceptional arrangement, and it saved our meeting!

until next time……Jéhan Krüger

Injuries in the workplace; Monthly meeting 24 Feb 16

At the start of the proceedings, The Chairman, thanked Mrs. Caren van Eeden for arranging everything for our convenience at very short notice. A special word of thanks also goes to the firm for their kind gesture.

Mev. Cecilina Lombard, van die Transvaalse Houtsnyersgilde, het ons hierna toegespreek. Sy het kortliks vertel van hul doen en late en genoem dat hulle moontlik op 'n manier met die Houtwerkvereninging van Pretoria kan saamwerk. Hierdie moontlike samewerking is 'n aspek wat die bestuur, in samewerking met die houtsnyers, verder kan ondersoek.

Hereafter, Dr. Debbie Smith was introduced to us. From her CV it became clear that she is an expert on trauma in the workplace and on the actions that need to take place to prevent accidents, as well as how to treat the injured after an accident has happened. She was also capable to give sound advice and on what to expect from hospitals and medical funds. The subject for the evening was handled professionally, yet understandably. Due to the fact that injuries in the workshop is a real threat (as we all know), receiving these practical tips and facts was appreciated by all.

The presentation was done by means of PowerPoint. The whole presentation can be found on the web site of **The Woodworking Association of Pretoria.** For a summary of the presentation, see appendix A to this ***Tambotie.*** ***(This is mainly meant for the members without e.mail)*** Where it was possible, or thought necessary, to elaborate or explain some of the aspects, comments have been included. Should the points that was raised, and advice that was given on the evening, be followed, it may well save somebody a lot of grieve. Safety and First Aid in the workshop is a must. ***It is definitely not a "man thing" to brush safety aside!***

Dr Debbie Smith, receiving her "thank you pen" from the Chairman for an excellent presentation.

Draaiersbyeenkoms: 27 Feb

Deur Johan Labuschagne met foto's van Manie Coetser.

Dit was 'n mooi sonskyndag toe 26 lede byeengekom het vir nogeens 'n baie gesellige en leersame oggend saam met gawe draaiersmaats. Wat dadelik die aandag getrek het, was die groot klomp hout wat vir die loting geskenk was met o.a. mak olienhout wat Manie Coetser gebring het asook mooi hout van Braam Burger en ander. Daar was ook heelwat spitsversierings (finials) wat die huiswerktaak was, op die uitstaltafel te siene.

After the usual welcome and introduction by Braam Burger, it was time for the show-and-tell session. The members showed their mettle and some of the newer members displayed their pieces, Mike Potgieter showed his finial creation and some of the older members such as Reinald Böhringer, At Smit and Leon Wolmarans (who did the demonstration on finial turning during the previous meeting), showed us their creations.

At Smit, (Bottle with finial stopper) and Mike Potgieter, (finial) showing their creations for the month.

Reinald made a pretty little pot with a finial on the lid while Leon's item was an elegant finial on a vessel of two-toned wood. (See photographs). Johan showed his Syringa hollow form on which the grain was accentuated by the application of gold coloured powder.

Items shown are: a Hollow form with gold embellishment, by Johan, large vase by David and the two toned box by Leon

Reinald Bohringer se oulike potjie met spitsversiering.

Willie de Wet showed us his almost impossible-to-turn bowl of unbalanced wild olive with a thick bulge on one side. He had to fit some counterweight pieces in order to turn it. Leon Langenhoven surprised us once again with his massive piece of natural edge Vaalpypsteel (*Vitis zeyheri*) bowl. It is surely an achievement to turn such a heavy unbalanced piece of wood and attach it to the lathe even though he has such a massive lathe.

Johan Labuschagne het hierna die geleentheid gebruik om lede in te lig oor die verwikkelinge om die AWSA, (Association of Woodturners South Africa: vir die nuwe lede se onthalwe), weer op volle dreef te kry. Geskiedkundig het die AWSA 'n groot rol gespeel om draaiwerk in SA tot 'n hoë pyl te verhef. Dit was gedoen deurdat die onderskeie verenigings in die land beurtelingse simposiums oor draaiwerk gereël het. Bekende draaiers van oorsee was genooi om hul tegnieke te demonstreer. Daar was dan oor twee tot drie dae demonstrasies gehou met die nodige gesellighede en uitruil van kennis. Dit was ook soms gekoppel aan die aanbied van spesialis kursusse vir klein groepies lede. Besoekende draaiers het ook dikwels verskeie verenigings besoek. Weens meningverskille het die samehorigheid wat die AWSA gekenmerk het, verlore gegaan. Verder het dit te duur geraak om gereeld elke jaar 'n bekende draaier van oorsee te akkommodeer en is die idee erg afgewater. Die enigste vereniging wat probeer het om die proses aan die gang te hou, was dié van die Weskaap. Hulle het die afgelope vyf jaar die pot aan die kook probeer hou, al kon hulle nie 'n oorsese besoeker ontvang nie. As 'n groot vereniging was hulle gelukkig om oor die geriewe, soos 'n permanente lokaal te beskik.

As Johan gained much from the symposiums while still a member of the Western Cape, he felt strongly that we in Pretoria should do our level best to keep the AWSA alive. Eric Thornton is the current chairman of the AWSA and he has recently challenged any of the other associations to take over the arrangements of the symposium this year. If nobody reacts, he will continue to do the arrangements again.

Gelukkig het die groepie draaiers van die Tuinroete op Sedgefield, met die oulike naam: ***Circumference***, dit dadelik op hulle geneem om die simposium voortaan aan te bied. Die groepie, onder leiding van Roy Marcus, het sterk bande met die **AAW** (***American Association of Woodturners***). Dit het dit moontlik gemaak om die AAW sowel as Teknatool, die bekende vervaardiger van draai-toerusting, te oorreed om die jaarlikse simposium asook 'n besoekende draaier uit hul eie geledere te borg om as demonstrateur op te tree by so 'n geleentheid. Benewens die simposium sal daar ook 'n opheffingsgroep gestig word om agtergeblewe mense, asook 'n groep vir vroue in Sedgefield te leer om draaiwerk te doen. Die betrokke groep sluit baie bekende draaiers in soos John Wessels en Dave Stephenson.

Verder het hierdie groep ook al reëlings getref met die Nelson Mandela Universiteit op George (voorheen Saasveld Bosboukollege) om hul fasiliteite te benut om die simposium aan te bied. Die kollege beskik oor ideale lesinglokale en oornaggeriewe vir besoekende bywoners van die simposium. Verversingsgeriewe is ook uitstekend. Verder is dit pragtig geleë net buite George in die hartjie van die Tsitsikammawoud aan die voet van die Outeniekwa berge. Die groepie beplan om die AWSA simposium gereeld daar te hou omdat dit relatief sentraal geleë is. Dit is ook naby die Oos- en Wes-Kapenaars, Hardware Centre en Strand Hardware en op die hoof toeriste- en houtwareroete. Daar is direkte vlugte na George en die simposium fasiliteite is uit die boonste rakke. Daar sal gepoog word om die besoekende gas, voor of/en na die simposium in George, ook aan die meer noordelike verenigings bloot te stel.

Johan suggested that we will all gain from this initiative and should support it whole heartedly by paying our subs for the AWSA. This is not only about all of us being able to attend the symposium regularly. For the minimal amount of R50, we will be able to receive regular newsletters on other associations in the country and have an extra web page at our disposal. We will thus become members of the full family/community of turners in the country again. Nowadays it would be impossible for any individual association in the country to afford a proper venue for a symposium, not to mention obtaining a turner from another country. Even though not all of us would be able to attend a central symposium in George regularly, it will still be imperative to support this initiative. We can still continue with our own regional/individual ventures such as we did last year. Johan undertook to keep all informed on progress with this venture and on arrangements for payment of our subs.

Hierna het David Malan ons van die geheime om hout van verskillende kleure in dun lagies teen verskillende hoeke in ’n ligter kleur hout in te voeg. Dit word gedoen deur kepe in die hout te saag waarin die dun lagies hout inpas en dan met ***Superglue*** vasgeplak word. Van hierdie stafies hout word dan in sekere gevalle weer aanmekaar geplak en word daarna gedraai in die formaat wat verlang word, hetsy vir pepermeulens, penne en dies meer. Die resultaat is ’n produk met interessante patrone soos wat op die bygaande foto’s gesien kan word.

Ongelukkig het ons nie ook foto’s van die penne nie. Soos wat ons al van David geleer het, gaan hierdie taak gewoonlik gepaard met ’n klompie vernuftige hulpmiddels wat David spesiaal skep om sy taak te vergemaklik of net meer professioneel te maak.

’n Paar van David Malan se draaistukke ter illustrasie

Van die hulmiddels wat David gemaak het, én gebruik, om unieke patrone op draaiwerk te kan aanbring.

After our break and some social interaction, we had the opportunity to listen to Manie Coetser on his experience of being a new member. Although he had been a member for a while, it took him some time to start turning and even longer before he plucked up the courage to come and show some of his creations to the group. Although he did receive some good advice from more experienced turners, for which he thanked them personally, he still feels uncomfortable when turning on his own. Willie mentioned that it is the purpose of the association to show new members how to use the different chisels and other equipment at meetings. Manie maintains that it is all good and well watching an experienced turner as he acts instinctively, but if you have not yet picked up the correct posture and hand movements, you feel very unsure of yourself once you are on your own. At and Leon mentioned that they are willing to assist new turners on a personal basis. Inexperienced members are welcome to contact them or any other willing and able member. The discussion led to the possibility of beginning a one-on-one training session for new members.

Op hierdie noot, van die behoefte aan groei, kom ons byeenkoms toe tot 'n einde.

Johan se bak

Meublemakers :13 Februarie 2016, By Frans Gericke

Deur Dries du Toit
Administrasie

Die roetine administrasie is vinnig deur Willie Marneweck afgehandel. Die volgende is gereël:

- Ben Prinsloo sal die maak van 'n klein verstelbare meetinstrument koördineer.
- Dries du Toit sal die maak van 'n opvoubare kamptafel koördineer.

Dries verduidelik kortliks hoe die "tafelprojek" sal werk

-
- Louw Trichardt sal by sy werkwinkel as mentor optree en slypwerkwinkels aanbied. (Reeds aangebied en baie suksesvol)
- 'n Opname is gemaak oor die onderwerpe waarin die lede mag belangstel.

- Lede is aangespoor om vroegtydig met hulle items vir die jaarlikse uitstalling te begin.

Spilfrees demonstrasie.

Frans het begin deur te noem dat indien hy ooit van sy gereedskap ontslae moet raak, die spilfrees die laaste sou wees wat hy sal laat gaan. Hy het uitgewys dat hy verskeie gewone freese (routers) het wat hy ook intensief gebruik. Vir groter projekte, met groter komponente, is die spilfrees egter noodsaaklik. Traprelings is 'n voorbeeld van wat hiermee bedoel word.

Frans het ons eers die verskeidenheid koppe en snyers gewys. Waarlik 'n indrukwekkende versameling wat hy oor jare opgebou het.

Sommige van die koppe en lemme

Nog lemme, met voorbeelde van die komponente wat gemaak is op die agtergrond. Vir 'n mens wat net 'n gewone spilfrees gewoond is, is die grote van hierdie lemme verstommend.

Daarna het hy voorbeelde van verskillende komponente, wat met sy frees vervaardig is, gewys. Op elke komponent word duidelik met 'n filtpen aangedui watter kop en snyers gebruik is en wat die opstelling was. Hierdie gebruik is baie handig indien soortgelyke items in die toekoms gemaak word. Voorbeelde hiervan is kasdeure, met of sonder kussingpanele (raised panels), trapreëlings, f-gleuwe om tafelblaaie te lym, kroonlyste en nog vele meer.

Daarna is ons na die Spilfrees (let wel: nie vrees nie) vir 'n paar demonstrasies.

Frans het hier weer eens genoem dat hierdie masjien met respek hanteer moet word. Alle veiligheidsmaatreëls moet stiptelik nagekom word. Indien nie is hierdie masjien volgens die Griekse vertaling: WAARLIK GEVAARLIK

Die eerste demonstrasie was die sny van "kussingpanele". Vir veiligheid en goeie afwerking word ook maar klein snitte op 'n slag geneem. Nogtans gaan dit baie vinnig en is dit volgens my ondervinding met, die gewone frees (Router), baie makliker en vinniger.

Die tweede demonstrasie was die sny van 'n ronde rooshout tafelblad.

Die gebruik van die selfvoerder is toe gedemonstreer. Vir langer of ingewikkelder items soos traprelings en kroonlyste is dit maklik en veilig!

Hier word die maak van lang komponente, waar die selfvoerder gebruik word, gedemonstreer. ***(Let daarop dat Frans hier nie sy gehoor beskerming gebruik het nie!)***

Hierdie spilfrees het 'n driefase motor. Frans het 'n omsetter om sy enkelfase na driefase om te skakel en ook die spoed van die spilfrees te beheer.

Wanneer hierdie spilfrees aangeskakel word, is daar so 'n diep klank, amper soos 'n Airbus wat wil opstyg, nie soos my ou Triton "routertjie" nie.

Frans demonstrating how to make a raised panel on the spindle.

Frans wys die geboë gedeelte van'n paneeldeur gemaak word. Lesang kyk toe

Uit die foto's sal die leser sien dat Frans nogal 'n goeie voorbeeld gestel het deur soms tog sy gehoorbeskerming te gebruik.

Frans, baie dankie vir hierdie geweldige interessante en insiggewende demonstrasie. Dit was PUIK.

Slypwerk

Tydens die Meubelmakers se vergadering, het 'n groep aangedui dat hulle graag sou wou leer hoe om beitels en skawe te slyp sodat hulle die beitels en skawe in hul besit weer 'n lewe kan gee.

Louw Trichardt het op twee opeenvolgende Saterdae praktiese slypskole aangebied. Die twee dae was benut om aan 8 mense die basiese beginsels van slyp te leer. Dit het geskied by wyse van 'n hoeveelheid teorie, wat opgevolg is met die praktiese voorbereiding en slyp van die beitels en lemme wat die deelnemers saamgebring het. (Dit is eintlik verkeerd om te sê 8 mense het bygewoon. Die eerste "klas" het ook vir Theo van Wyk ingesluit. Theo het veel

eerder bygedra met sy wye kennis oor houtwerk en veral die terminologie rondom slypwerk.)

Eerstens is verduidelik hoe die elektriese slypwiel (Bench Grinder) gebruik moet word ten einde die beitel se slypvlak reg te kry. Daar is uitgewys dat hierdie vlak hol geslyp sal wees weens die feit dat die slypsteen inderdaad rond is. Klem is ook daarop gelê om daarteen te waak om nie die staal te laat oorverhit nie. (Die beitel moet baie in water afgekoel word en die slypwerk moet in klein stukkies op 'n slag gedoen word.) Die voordeel van die gebruik van 'n stadigdraaiende, waterverkoelde slypwiel, soos byvoorbeeld die Tormek-slypwiel, is uitgewys. Verder is verduidelik dat die aankoop, of maak, van behoorlike setmate (Jigs) om akkurate, en herhaalbare, hoeke met slypwerk te verseker, veral vir onervare slypers van onskatbare waarde is.

Soetslyp met 'n beitel vasgeklem in 'n gekoopte Record-setmaat. Let daarop dat die diamant-, en watersteen, vasgehou word in 'n selfgemaakte setmaat waarmee die hoek van die beitel bepaal kan word.

Hier is ook aandag gegee aan die slyp van die algemeen aanvaarde 25° slypvlak, wat daarna met 'n soetslypvlak van 30° opgevolg word.

Heelwat klem is gelê op die feit dat skerp eintlik beteken dat twee teenoorstaande vlakke van 'n lem deur slypwerk teenaan mekaar gebring moet word. Ten einde werklik skerp te wees, moet beide hierdie twee vlakke so glad as moontlik wees. (Hoe gladder, hoe skerper!) Hierdie werklikheid verg dat, alvorens die slypvlakke aandag kan kry, die agterkant van enige beitel of lem eers plat en blinkgemaak moet word. Hierdie voorbereiding van die agterkant hoef net eenmalig gedoen te word. Dit is ook net nodig om die onderste gedeelte (ongeveer 30mm) te doen. ***(Aan die anderkant is uitgewys dat dit eintlik lekker is om na jou beitels te kyk waar hulle ewe blink teen jou werkkamer se muur hang!)***

'n Mooi "blink" muurbehangsel vir 'n werkplek!

Daar is gewys op die gebruik van diamant- en Japannese waterstene, asook die aanwending van slypsetmate (Jigs) hiervoor. Die versorging van die verskillende slypwiele en slypstene, ten einde te verseker dat hulle plat en skerp is, is ook uitgewys en bespreek.

Na 'n praktiese demonstrasie van die slypmetodes wat bespreek is, het elke deelnemer die geleentheid gehad om sy eie, in die meeste gevalle verwaarloosde, beitel voor te berei en te slyp tot waar dit 100% reg was. Toe die bespreking rondom die braam, wat met soetslyp gevorm word, bespreek is, het Theo daarop gewys dat dit nie nodig is om die braam te verwyder nie. Dit sal met die eerste steek in die hout vanself verdwyn!

Clive is checking a Tormek jig

Die eerste klas, besig met hul beitels.

Die tweede klas vorder ook goed

Na aanleiding van die gesprekke wat gevoer was, die entoesiasme waarmee die praktiese werk gedoen was en die terugvoering wat na die slypsessies gegee is, kan met reg gesê word dat hierdie poging as 'n lekker sukses beskou kan word. In die vereniging sal daar na dese heelwat manne wees wat met skerp gereedskap beter en lekkerder as voorheen kan werk.

(Hierdie was bedoel as 'n praktiese oefening. Dit is nie moontlik om hierdie verslag as 'n tipe handleiding (précis) aan te bied nie. Red.)(

Toekomstige Slypskole

Daar het so 'n paar informele versoeke van lede gekom wat ook geïnteresseerd is om 'n slypsessie by te woon. Hierdie is 'n saak wat maklik gereël kan word. Almal wat nie die vorige twee kon bywoon nie, maar hier in sou belangstel moet hul name by Louw Trichardt indien. 'n Sessie om die meeste te pas sal dan gereël word (Louw se besonderhede in die kassie hiernaas)

Publisiteit vir ons Vereniging

Dit is altyd goed as ons as 'n vereniging daarin kan slaag om van ons lede en, of, van die goed wat hulle gemaak het in die nuus kan kry.

Ons 2015 voorsitter , Hennie ***Ackerman***, het in sy termyn baie moeite gedoen om publisiteit vir die vereniging te bekom. In die proses het hy ook dikwels met ***The Home Handyman*** geskakel. Die tydskrif het dan ook 'n mooi artikel oor die voorsitter, met verskeie fotos van hom en artikels wat hy gemaak het, in hul Januarie 2016 uitgawe geplaas.

Ek dink dit is goed om vir Hennie hiermee geluk te wens. Ons mag hierdeur dalk nog lede kan werf.

E Mail notice

Due to the size of Appendix A to this newsletter, and the fact that the contents thereof can be found on the Web site of ***The Woodworking Association of Pretoria,*** the appendix is not included in the electronic version.

Points to ponder

- There are only three ways to become an accomplished wood turner, and they are :

Practice, practice, and more practice.

- It takes years to become an expert wood turner. Standing in front of a lathe, all day, every day, for 20 years would be a good start.

Others may be faster than that, but most of the real experts have a lot of grey hair.

- The speed of the grinding wheel doesn't matter. They all remove metal. The faster wheel removes it faster.

There is some justification for the new wood turner to use the slower wheel.

- . Learning to use a skew chisel will teach us how wood is cut,

and that will make all other turning tools easier to use.

-
- Sanding and finishing takes at least as long as the turning, and often longer.

If it doesn't, you are either very good and don't need to be reading this, or your standards are too low

Russ Fairfield

EDITORIAL

Editor: Louw Trichardt

Address: PO Box 5606, Wierda Park. 0149